# 30 Mei 2023 - Lesing 35 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Geloof sonder werke is geen geloof nie – 23/7/57

**NO: 6876** Julle sou julleself vir ewig nie kon verlos het as Ek nie vir julle die verlossingswerk volbring het nie. Dit was My Liefde, Wie julle uit 'n rampsalige toestand wou uithaal, wat julle eie skuld was. Gevolglik was dit vir julle 'n werk van genade en erbarming - dit was 'n geskenk wat julle sonder julle eie verdienste ter beskikking gestaan het, indien julle weer salig wil word, soos wat julle was in die allereerste begin.

Daarom die gesegde: **"Julle kan slegs uit genade salig word."** Sonder hierdie verlossingswerk sou julle in julleself nooit die saligheid kon verwerf nie, want julle **krag** was te gering om julleself op te hef uit die diepte en julle **wil** was nog meer verswak, sodat julle ook nie na die vrywording uit die kettings van Satan sou gestreef het nie.

Julle moet dus onvoorwaardelik **'n beroep doen** op die genade van die verlossingswerk. En dit vereis in die eerste plek **die geloof in die Goddelike Verlosser JaHshua die Messias**, **in wie Ek Myself beliggaam het** om vir julle mense te ly en te sterwe, - om as "Mens" JaHshua eers 'n genadeskat te verwerf vir julle. Sonder die geloof in My sal julle julleself **nimmer met My in verbinding kan stel** en My versoek om hulp, om versterking van julle wil en krag, om die weg opwaarts te kan aflê nie.

Wat is egter te verstaan onder "glo" in die Goddelike Verlosser? Wanneer die woorde: "Ek glo in Hom" alleen voldoende sou wees, dan was waarlik die grootste deel van die mensdom verseker van hul verlossing, want hierdie woorde word heel dikwels en deur baie mense uitgespreek. Met hierdie woorde alleen kan Ek egter geen genoeë neem om ewige geluk te skenk volgens My belofte nie: **"Wie in My glo sal salig word".**

Ek verlang 'n **lewende geloof**, die volle innerlike oortuiging van dit wat julle mense geleer word oor die kruisoffer deur Hom, Wie in My opdrag aan julle die evangelie verkondig het. Om tot hierdie innerlike oortuiging te kom, word dit egter van 'n reeds ontwaakte gees vereis, wat aan die mens van binne af opheldering sal gee, wat hom die insig sal ontsluit oor die aanleiding, oor die beweegrede van die Liefdewerk wat die "Mens" Jesus volbring het. **Wat die mens eers begryp, kan hy ook oortuigend glo.**

Derhalwe moet die mens die geesvonk in hom die moontlikheid gee om homself te uiter, wat weer slegs deur die liefde bewerk kan word. 'n Heeltemal liefdelose mens kan ook die woorde uitspreek: "Ek glo in JaHshua die Messias", maar **die innerlike oortuiging ontbreek by hom** en dus kan hy ook nie die saligheid verwerf nie. Slegs die liefde herken die beweegrede van My Liefde en daarom verlang Ek **'n geloof wat deur die liefde lewend geword het**. Maar ook die begrip liefde moet toegelig word, want ook hierdie woord word dikwels misbruik. Liefde sal julle mense steeds voel, maar op watter kant van die liefde is julle gerig, - dit moet julle julleself afvra. Julle moet leer onderskei tussen die **verlangende en die gewende** liefde, die **aardse en die suiwer Goddelike liefde** wat steeds gelukkig wil maak.

Dat 'n aardsgerigte liefde nie die Goddelike geesvonk in julle tot lewe kan wek nie, is dus verstaanbaar. Dus moet dit die **onbaatsugtige liefde** wees, wat gelukkig wil maak, wat eers in die mens ontsteek moet word en dan die "**werke van die gees in homself**" sal toelaat. Hierdie liefde is 'n krag wat die mens nooit met rus laat wat dit eenmaal in hom self ontsteek het nie, naamlik **die onophoudelike aansporing om werksaam te wees in liefde**, waarvoor gevoelsopwelling nie voldoende is nie, - maar dat die mens self in sy wese verander sodat hy steeds meer kontak soek met My, want: "Wie in die liefde bly die bly in My en Ek in hom". **En so 'n liefde bring dan ook die lewende geloof voort,** want die verbinding met My, - deur die liefde - kan hom nou ook die helderste insig verskaf, sodat hy ook die betekenis van die verlossingswerk in alle helderheid duidelik kan sien en niks meer sal dan sy geloof aan die wankel kan bring nie.

"Wie in die liefde bly, die bly in My en Ek in hom". Wie hierdie Woorde ernstig oordink moet dan ook insien dat 'n mens wat deur die liefde ten nouste met My verbonde is, **ook met die krag van My Liefde deurstraal sal word**, - dat hierdie stroom van krag ook in hom uitgestort sal word en dat hierdie kragstroom **nou ook geen werkloosheid meer sal toelaat nie**. Die Liefdeskrag moet dus op een of andere wyse 'n uitwerking hê - en wel op 'n wyse wat ook van die Bron van die Krag getuig in 'n deur God gewilde aktiwiteit, naamlik **in werke van liefde van allerlei aard.**

So 'n mens kan nie meer sonder dade van liefde lewe sodra hy deur die Krag van My Liefde deurstroom word nie en so sal sy liefde vanself bewys word deur **die beoefening van goeie werke**. Die mens sal dan deur sy liefde tot My te kenne gee deur dade van **onbaatsugtige naasteliefde** en homself daardeur steeds vaster met My verenig en gevolglik gered wees vir tyd en ewigheid. **Dan glo hy ook** in My en My verlossingswerk, dan het hy reeds die verbinding gevind, want sy blyke van liefde laat sien dat hy vry is van My teenstander - **wie vir die liefde vlug, omdat hy self sonder enige liefde is**.

**Geen mens wat sonder liefde is, sal 'n lewende geloof hê nie** - en geen mens sal liefde in homself voel wat dit nie in goeie werke tot uitdrukking sal bring nie, want die liefde is in hom 'n krag wat aanspoor tot liefdevolle werksaamheid.

Dit is ook die rede waarom daar in die laaste tyd geen lewende geloof in JaHshua die Messias en Sy verlossingswerk meer te vinde is nie, - omdat die

liefde onder die mense verkoel het. Daarom moet steeds weer die liefde as die vernaamste gepredik word. **Die liefde tot die naaste** moet sterk na vore gebring word, omdat dit die bewys is van die liefde tot My.

Die naasteliefde sal ook steeds dade verg, hetsy van liggaamlike of geestelike aard, aardse of geestelike hulpverlening wat begryplikerwys slegs gewaardeer word wanneer liefde die dryfkrag daarvan is. Hoe maklik is dit alles tog te begrype, hoe verward is en bly egter die denke van die mense sonder liefde.

Die “verlossing” bestaan egter daarin dat die mens sy weerstand moet opgee en homself weer laat aanstraal deur die Krag van My Liefde, soos eens, toe die geestelike wese nog volmaak was. Eens het julle vanuit die Liefde uitgegaan en almal sal weer tot liefde word, **want eers dan sal julle salig wees en bly tot in alle ewigheid**. Amein.